# NUUS VAN SANAE EN DIE EILANDE

**Sanae Newsletter for August 1970**

August was a month of great activity for the whole team. On the nineteenth of August a hole 15 feet long, 10 feet wide and 13 feet deep was dug on the site of the new base. The first foundations of the new base were then placed in this hole on the same day. These foundations are for the engines of the new base and consist of three platforms of steel piping 18 feet high, 6 feet long and 2 feet wide.

Helgo and Joachim were responsible for the building of the platforms and spent a great deal of their time during the winter trying to finish these in time. This was not at all an easy task as the piping had often to be handled at temperatures of −40° C and lower.

Although temperatures were very low throughout August, the weather was, on the whole, very favourable for working outside due to absence of wind. On one exceptional day the temperature rose to −10° C and gave us a taste of what summer will be like. A great deal of outside work was completed while the heat wave lasted. It was not long afterwards that the temperature dropped once again and this time reached −49.9° C. It was rather disappointing that the temperature did not sink a little bit more as we should have liked to experience −50°C.

Pat Vosloo caused a sensation one evening when he discovered a "Gogga" in the pantry. These were later identified by Peter as a type of mite, related to the tick, but certainly not likely to be injurious to us. There was quite a lot of speculation as to how the insect managed to survive the cold while getting to Sanae.

Preparations for the coming field season began in earnest with the digging out of the engineers' tent. The departure date of the field party has been somewhat delayed by the low temperatures, but it is hoped that they will be able to leave early in September.

Andre's face has healed completely and he will be able to accompany the field party. We all wish them every success.

This year was the first occasion for a long time that we have beaten the neighbouring Russian base of Novolazerevskaya at chess. The game was under the direction of Helgo and Willie. It was the second game this year, and there is, we are told, a good chance of winning the third game which is being played at present.

Two birthdays were celebrated this month, those of Willie and Tony. Hennie and Dusan were the respective cooks and the traditional chicken was enjoyed by all. The team would like to offer their sympathy to Preieur du Plessis and family following the death of his sister.

**Gough Island Newsletter for August 1970**

An estimated six weeks on Gough Island remains and everyone's thoughts are turning homewards. Our short stay is slowly drawing to its close. For Sandy and Glen, however, the time has not been so short as they were also members of Gough 14.

Mother Nature started to hand out warmer days and the return of the "Sooty" and "Yellow Nose" albatrosses, penguins in the vicinity of Seal Beach and a marked increase in bird life heralded the return of spring. Not to disillusion us, though, she sent a spate of bitterly cold weather towards the end of the month, reminding us of the winter which has not quite passed us by yet.

Base activities will increase as time passes and the general team morale is still rising. Two birthdays were celebrated—those of Sandy on the 13th and Glen on the 21st. This month we have two in very rapid succession, viz. Keith on the 23rd and Jan on the 24th. Apart from the weather, the season generally seems to be one of birthdays.

Keith and Pierre caught a lot of fish last week, which Sandy very slyly turned into a pie when we were promised fishballs. Jan found out that penguins can really bite and Gerry was amazed at collecting some 58 eggs from the fowls one day. Louis has turned into something of a cryptic poet and Glen uses his talents on anything from wood to photography. With a team like this "there is never a dull moment".

To our colleagues on Marion and Sanae we send our very best wishes. Until next month, best regards.

Gough Boys.

**Marion Eiland Nuusbrief vir Augustus 1970**

Ons groet weereens ons Kollegas op Gough en Sanae.

Met ons klomp hier op Marion gaan dit heel goed. Gedurende die maand het die weer ons soos gewoonlik behandel. Onstuimige see in die helfte van die maand het geringe skade aan ons store naasaan die see gedoen. Die store het deurgeloop onder swaar seesprei en as daar enigiets vanuit die store benodig word, moes dit met goeie tydsberekening gedoen word, anders het jy 'n goeie kans gestaan om sopnat daarvan af te kom. Die wind het vir vier dae aaneen met 'n gemiddelde windspoed van 28 knope gewaai met maksimum windrukke om en by 60 knope.

Allan is op sy verjaardag, die 24ste, getrakteer met goeie kos en die beste invoer wyne uit ons plaaslike kelders. Johann ons baaskok is een oggend wreed ontnugter toe hy, so effe nog deur die slaap, in die kombuis kom en in plaas van 'n varkboud, wat hy die vorige aand uit die vrieskas gehaal het, 'n varkkop met pootjies kompleet in die bak aantref. Die kop is in elk geval gaar gemaak en sommige van ons het daarvan geëet maar vir die wat die dis nie in die oog kon kyk nie was daar spaghetti bolognaise. Daar was selfs nagmerries omtrent die oog.

Soos u miskien kan onthou was daar gereëld melding gemaak van skape wat gesoek geraak het (in die nuusbriewe vanaf Marion in die verlede). Van die begin van die aflos kry ons ons vleis gevries uit twee vrieskaste.

Toe word die vonds van die jaar gemaak. Nou een sonnige dag is Leon, Fanie en Andre berge se kant toe. Op pad soheentoe kom hulle toe op spore af. Skuaspore, katspore enige ander spore behalwe skaapspore maar toe hulle op „stomende" mis, soos Leon dit genoem het, afgekom het was die gort gaar. Die uiteinde van die saak was dat ons die aand 16 skape in die kraal gehad het. Alhoewel ons mekaar verstaan het, dit is nou die ouens en die skape, het die skape uitgesak. Hulle was soos ons dit genoem het „stretcher cases" hulle is letterlike die laaste ent met 'n draagbaar basis toe gedra.

Ons sien nou net uit na die meer gematigde weer van die somer. Al teken dat lente hier is, is 'n eensame see-olifant bul wat op die strand hier onder by die basis opgedaag het en die feit dat dit September is.

Ons groet tot 'n volgende keer. Sterkte en voorspoed word aan die manne op Borga basis toegewens.

**Sanae Nuusbrief vir September 1970**

September maand het as 'n besige maand begin. Die veldpartye het alle beskikbare tyd benuttig vir voorbereiding vir die veld. Dit was slees wat herstel moes word en in sommige opsigte slees herbou moes word. Spaar enjins, bedoel vir die voertuie wat gedurende die eerste seisoen in die veld moes agterbly, wat nagesien en opgeknap moes word. So was daar veelvoudige pligte wat nagekom moes word en die meeste van die werk moes ook buite in die koue gedoen word. Gelukkig dat die groot tent beskikbaar was en kon baie van die werk in die beskutting van die tent gedoen word.

Daar is 'n besoek aan die substasie aan Totem Bukta gebring. Om sekere voorrade te gaan haal, onder andere, 'n motorslee wat die agterblywende lede op die basis behulpsaam moet wees met basis werk. Heelwat van die spanlede het die uitstappie na die Bukta meegemaak en het dit dan ook terdeë geniet.

Willie en Helgo het gesamentlik weer bewys dat hulle die Russe een te veel is met hulle uitmuntende skaak. Reg van die begin af het hulle die voortou geneem in die spel en die Russe nie een keer die kans gegee om voortou te neem nie. Ons loop dus ook dan voor met drie stelle teen hulle een.

Die negende September was 'n baie mooi dag gewees, geen wolke nie en slegs 'n baie ligte windjie het gewaai. Alhoewel die temperatuur laag was, het die son lekker warm geskyn. Dit was dan ook die dag wat die veldpartye gekies het om te vertrek. Van die mooi weer is dan ook gebruik gemaak om die span foto te neem. Gert was die amptelike fotograaf.

Die veld party het goed vordering gemaak en binne 'n paar dae was hulle in die skeur gebied en dis dan ook daar waar hulle die eerste teespoed gekry het. Die enigste motor voertuig het skuins in 'n skeur gesak. Gelukkig is niks beskadig nie en het niemand seer gekry nie, en die posisie was ook nie haglik nie. Na 'n paar dae se harde werk en grawe was die Kaboes weer op vaste sneeu en kon hulle weer in die pad val. Hulle het hul bestemming dan ook na 'n dag of wat bereik en kon die herstel werk aan die motor voertuie in alle erns begin. Die tent is opgeslaan en binne 'n dag of twee was die eerste van die twee voertuie ook dan in 'n werkende toestand. Voorwaar 'n prestasie en ons moet die manne in die veld geluk wens met die sukses.

Intussen het die geoloë verder gegaan om voort te gaan met die geologiese program. Ons wens die veldparty alles sukses toe met die herstelwerk aan die Muskegs en die reis terug na die basis. Aan die Geoloë sê ons dan alle voorspoed en lekker klippe kap.

**Marioneiland Nuusbrief vir September 1970**

Ons groet weereens vanaf Marion. Vir ons hier was September in baie opsigte 'n besondere maand. Vroeg in die maand het ons sestien skape wat vermoedelik vir meer as 'n jaar vermis was, weer gevind. Saam met die voorraad gevriesde vleis is die vleisskaarste, wat moes aangevul word deur die onpopulêre blikkies vleis, nou iets van die verlede.

Lente het op Marion aangebreek. Groen kolle kan plek-plek tussen die origens droë vaal plantegroei gesien word. Die diere bevolking vermeerder by die dag. Die Skua meeue maak ons deeglik bewus van hul teenwoordigheid. Hulle het hul bymekaarkomplek in die nabyheid van die kombuis gemaak. Die Gentoo- en Koningspikkewyne het klaar gebroei. Die „Rockhopper" en Marcoroni-Pikkewyne word nog ingewag. Orals pak see-olifante saam op die klipperige strande en snags hoor 'n mens die geblaf van pasgebore en grotere kalwers. 'n Luiperd rob is by Boulder Beach opgemerk. Kanse om goeie fotos te neem was te skraal, want toe die rob mense sien het hy laat spat see toe. Vir 'n paar uur lank kan net sy kop, entweg die see in, gesien word. „Killer Whales" word al hoe meer opgemerk in Transvaal Baai. 'n Mens wonder of die see-olifante se terugkoms nie iets daarmee te doen het nie. In die verlede is daar al gesien hoe die visse 'n see-olifant in die water aanval.

Die weer was ons goed gesind. Net 'n paar gevalle van winde wat stormsterkte bereik het is aangeteken. Die gemiddelde maandelikse temperatuur vir die maand was tot dusver die koudste, nl. 2.6 grade celsius. Dit is egter vergoed deur 'n aantal sonskyndae. Op die dae is staptogte gewoonlik onderneem. Leon, Allan en Johan is vroeg een oggend van die basis af weg en gedurende die dag het hulle Jan Smuts-piek bestyg, die tweede hoogste piek op die eiland. Die drie het die aand pootuit maar tevrede by die basis aangekom. Hulle het veel gehad om te vertel na die strawwe tog van hulle.

Ons groet weer tot 'n volgende keer.

**Gougheiland Nuusbrief vir September 1970**

Sterk winde en onstuimige see het vir 'n heel paar dae geheers. 'n Baie diep koue front is waargeneem om en by die helfte van die maand. Na die lugmassas verby is het gemiddelde temperature gedaal tot om en by vier grade celsius. Naby die einde van die maand het die druk weer vinnig gestyg en temperature het weer geklim. Interessantheidshalwe is daar uitgewerk hoeveel reën geval het sedert ons aankoms en die indrukwekkende getal van plus-minus 50 duim is bereken d.w.s. dat ons minstens 10 duim per maand reënval ondervind.

Die manne begin huistoe verlang noudat ons tydjie op die eiland korter raak. Reëlings is getref vir skoonmaak en reuse take is klaar afgehandel. Daar is voorbereidings gemaak in elke afdeling, vir die volgende aflosspan, dinge wat hul verblyf heelwat gaan vergemaklik. Die samewerking van elke spanlid word hoog op prys gestel.

Op die 24ste het ons 'n skip waargeneem, wat taamlik naby die kus gevaar het, volgens mening was die voertuig heelwaarskynlik 'n walvisboot op pad na die suide toe. Robbe is nog min, maar van die voëls en „Rockhopper" pikkewyne is daar volop. Kameras werk oortyd.

Vir ons aflosspan stuur ons hartlik groete, sowel die manne op Marion en Sanae. Een van die dae is ons weer terug in die Republiek. Ons stuur ook baie groete aan almal wat hierdie artikels lees.

Newsletters were supplied by the Department of Transport.

**DISTRIBUTION OF BULLETIN**

**As from the 9th November, 1970, the distribution of the Bulletin will be in the hands of Dr. D. C. Baker. Notification of change of address should be sent to him at:**

**13 Stellenbosch,**
**Mossie Street,**
**Horizon,**
**ROODEPOORT,**
**Transvaal.**

INCE 28926 1/71